

Maandag 9 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:10-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23

Wedergeboorte: God gee nuwe lewe deur sy lewende en ewige Woord

Die eerste lesers was vreemdelinge in hierdie wêreld (1 Pet. 1:1). Tog is hulle geseën met 'n nuwe lewe in Christus, asook nuwe hoop “op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis” in die hemel (1:4). Met die versekering van bewaring om daardie erfenis te ontvang. Wat 'n wonderlike voorreg en genade!

Maar hoe kry vroeëre afgodsdienaars deel aan hierdie seën in Christus? Hoe verander sondaars se lewens om vervul te word met onuitspreeklike blydschap?

Slegs op een manier: “Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God” (1:23). En so is dit vir elkeen wat deur Christus verlos word. God se lewegewende ingrype. Die onverganklike saad wat deur mense gesaai word, kom van God. Van die ou profete word geskryf: “Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word” (1:11). Ook die evangeliepredikers word gelei “deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is” (1:12).

Hierdie nuwe lewe as geredde vreemdelinge plaas 'n verantwoordelikheid op elkeen. Om in die geloof en hoop te volhard, maar ook om te breek met die begeertes van vroeër en heilig te leef, soos die Here heilig is (1:16). Gelowiges leef as vreemdelinge in die wêreld, omdat hulle nie welkom is in die goddelose en losbandige kringe nie. Een uitstaande kenmerk is dat hulle 'n hartlike, ongeveinsde en vurige liefde vir mekaar het (1:22). Dit is nuut, dit is tot eer van God.

Moenie die verkondiging van die Woord as saad van die wedergeboorte minag nie. Lees dit met aandag, dra dit getrou oor aan jou kinders en ander wat jou pad kruis. Dit is die genademiddel waardeur God mense bereik om hulle gereed te maak vir sy heerlijkheid.

Sing: Psalm 40-1:3, 4

Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)